ISSN 0258-2279 LITERATOR 14 No. 3 Nov. 1993

E.C. Steyn

Uitgebreide attributiewe konstruksies in Duits – 'n uitdaging vir Afrikaanssprekende studente [1]

Abstract

Complex attributive constructions have become a characteristic of modern German and appear regularly in all types of texts, even those meant for foreigners. This aspect of German syntax has no corresponding manifestation in Afrikaans or English, as can be seen when comparing parallel texts. A limited investigation showed that this phenomenon undeniably creates problems for Afrikaans-speaking students learning German. They find sentences containing lengthy attributive constructions difficult to understand and, when writing German, either misconstrue such phrases or, more often than not, try to avoid them by using adjectival clauses instead. Although the constant use of such clauses cannot strictly be regarded as incorrect, it reveals all too clearly the interference of Afrikaans and differs conspicuously from the modern German style of writing. Various exercises are recommended to overcome comprehension problems and to break away from the restricted sentence patterns which are due to interference of the mother tongue.

1. Inleiding

Ofskoon daar 'n groot mate van ooreenstemming bestaan tussen die Duitse en Afrikaanse sinsbou – byvoorbeeld wat die plasing van die werkwoord en sy komponente betref – is die Duitse sinsbou soms ook vir Afrikaanssprekendes ondeursigtig en behoort daar in die onderrig voorsiening gemaak te word vir die oplossing van probleme in dié verband. 'n Aspek wat onder andere aandag verg, is kompleks saamgestelde konstruksies wat attributief gebruik word – konstruksies wat 'n eienskap van die hedendaagse Duitse taal geword het. (Prenominale

1 Erkenning word hiermee gegee aan die Instituut vir Navorsingsontwikkeling vir geldelike bystand. Menings in hierdie artikel of gevolgtrekkings waartoe gekom is, is dié van die outeur en moet nie aan die Instituut vir Navorsingsontwikkeling toegeskryf word nie.

konstruksies word vir doeleindes van hierdie studie as attributiewe konstruksies beskou.)

Hierdie artikel is in die eerste plek daarop gemik om dié verskynsel in die Duitse sinsbou te ondersoek en vas te stel hoe dit van Afrikaans verskil. Vervolgens word daar ingegaan op probleme waarvoor Afrikaanssprekendes te staan kom as gevolg van hierdie verskille. Voorstelle om hierdie probleme te bowe te kom, word aan die hand gedoen.

2. Geleidelike veranderinge in die Duitse sintaksis

2.1 Hedendaagse tendense

Taalkundige ondersoeke oor die afgelope aantal jare toon dat daar in moderne Duits toenemend voorkeur verleen word aan hoofsinne en dat al hoe minder saamgestelde sinne – dit wil sê konstruksies wat bysinne bevat – in die taal voorkom. So het Eggers (1983:132) byvoorbeeld koerantartikels van 1981/1982 met soortgelyke artikels uit die begin van hierdie eeu met mekaar vergelyk en vasgestel dat die sinne korter geword het en dat daar vandag minder bysinne voorkom en in die plek daarvan het meer kompleks saamgestelde nominale konstruksies ontstaan. Von Polenz (1985:30) kom in sy ondersoek van 'n aantal tekste tot soortgelyke gevolgtrekkings, maar vind dat die wesenlike verskil nie in die lengte van die sinne lê nie, maar eerder in die konstruksie daarvan: 'n neweskikkende (parataktiese) sinstruktuur het die onderskikkende (hipotaktiese) sinsbou grotendeels vervang. Dit wil voorkom asof dié neiging steeds toeneem, veral in die joernalistiek en in natuurwetenskaplike vakliteratuur wat kort, eksakte formulering vereis (Iricanin, 1987:10). Lühr (1991:17-26) toon aan dat in die joernalistiek oor die afgelope twee tot drie dekades die vervanging van bywoordelike bysinne deur konstruksies met voorsetsels met minstens 10% toegeneem het. Ook in radioberigte word daar al hoe meer gebruik gemaak van 'n neweskikkende sinstruktuur (Braun, 1979:49-52). Sodoende word 'n maksimum inhoud in 'n minimum aantal woorde vervat – 'n opvallende kenmerk van die styl van ons tyd (Eggers, 1983:138). Dit geld wel met voorbehoud vir die gesproke taal en vir bepaalde vertakkings van die literatuur (Köhnke, 1974:33-37), maar in die meeste hedendaagse Duitse tekste val dié gekonsentreerde styl tog onmiddellik op. 'n Gekonsentreerde styl kom veral voor in tekste van informatiewe en opsommende aard.

'n Paar sinne uit die rubriek "Forschung und Wirtschaft" in *Scala* (1988:6-7) – 'n tydskrif wat hoofsaaklik vir buitelanders bedoel is – illustreer die gebruik van sulke kompakte konstruksies wat attributief funksioneer en byvoeglike bysinne vervang. Hierdie konstruksies bevat onder andere voorsetsels (in 3 en 5), by-

woordelike bepalings (in 1, 2 en 4) en attributiewe vorms van die teenwoordige deelwoord (in 4) en die verlede deelwoord (in 1, 3 en 5):

Voorbeelde:

1. Das derart amputierte Radio dürfte Diebe kaum noch locken.
2. Mehrere Monate müssen die nur wenige hundert Gramm schweren Säuglinge dann in Inkubatoren verbringen.
3. Auch extrem untergewichtigen Kindern bietet die von der Lübecker Dräger AG entwickelte künstliche Lebensrettungsstation gute Chancen, zu normalen Säuglingen heranzureifen.
4. Mit ihnen [den Mikrochips] dürften sich bald gleichzeitig laufende andere Programme in einer Bildecke darstellen lassen.
5. Ein neuer, von der Berliner Firma Herlitz vorgestellter Füller soll nun den Tintenschlachten in Schulheften ein Ende setzen.

2.2 Vergelyking van moderne en ouer vorme

Hierdie verandering in die Duitse sintaksis, naamlik van 'n onderskikkende na 'n neweskikkende struktuur is as ontwikkelingstendens vanaf die middel van die negentiende eeu waar te neem (Von Polenz, 1985:40). 'n Vergelyking van enkele Bybelvertalings uit verskillende tydperke kan ook insiggewend wees. Reeds 'n vlugtige ondersoek van De Wette (1839) se vertaling van 'n paar hoofstukke uit die Lukas-evangelie lewer 'n aantal uitgebreide attributiewe konstruksies op wat in ouer vertalings – soos in Tschirch (1969) weergegee – as bysinne verskyn: (Vir vergelykingsdoeleindes word die betrokke gedeeltes in hierdie en verdere voorbeelde kursief gedruk.)

6. Luk. 1:1

- ... eine Erzählung zusammenzustellen von den *unter uns vorgegangenen* Geschichten ... (De Wette, 1839)
- ... von den geschichten, *so vnter vns ergangen sind*, ... (Luther, 1522)
- ... die handlungen, *so unter uns vollbracht sind*, ... (Zinzendorf, 1739)

7. Luk. 15:12

- Vater, gieb mir das *mir zufallende* Theil des Vermögens! (De Wette, 1839)
- ... das teyl der gutter, *das mir gehoret*, ... (Luther, 1522)

2.3 Spanning as kenmerk van Duitse sinsbou

Spanning is 'n kenmerk van die Duitse sinsbou en word in bysinne volgehou tot by die laaste woord (naamlik die werkwoord, as die spil waarom die handeling sentreer). Hierdie spanning word in 'n groot mate deur uitgebreide attributiewe konstruksies uitgeskakel (Brinkmann, 1971:612). In die plek daarvan onstaan nou 'n ander soort 'spanning' deurdat 'n hele reeks woorde dikwels die selfstandige naamwoord van sy lidwoord skei en volgehoue konsentrasie geverg word om die samehang te behou. So word die lidwoord en die selfstandige naamwoord waarop dit betrekking het, byvoorbeeld in voorbeeldsinne 3 en 5 deur nie minder nie as sewe woorde van mekaar geskei.

3. Verskille tussen Duits en Afrikaans

3.1 Attributiewe konstruksies in Afrikaans

Die moontlikheid vir attributiewe samestellings in Afrikaans is baie meer beperk as in Duits. Naas algemene adjektiewe noem Badenhorst (1984) die volgende konstituente wat as voorbepalers by die hoofnaamwoord in Afrikaans kan optree: bywoorde ("die *steeds* pragtige Anneline" – Badenhorst, 1984:110), voltooide en onvoltooide deelwoorde ("die *verminkte*, *wringende* geel lyf" – Badenhorst, 1984:143) en 'n verskeidenheid sogenaamde getalwoorde wat ook konstruksies soos "die volgende *om en by* dertig studente" (Badenhorst, 1984:122) insluit.

Lang attributiewe konstruksies met 'n verskeidenheid van hierdie en ander konstituente (veral voorsetsels) is nie eie aan Afrikaans nie. Sogenaamde ekstensieuitdrukkings (Combrink, 1990:305) kom wel in Afrikaans voor, maar is beperk tot " 'n klein kategorietjie" adjektiewe (Combrink, 1990:306) wat as ekstensietipe in sodanige konstruksies kan funksioneer (die 1,7 kilometer *diep* seebodem; 'n vyf kilogram *swaar* baba – Combrink, 1990:306). Laasgenoemde voorbeeld kan met die aangehaalde sin 2 uit *Scala* (1988) vergelyk word. Die konstruksie in sin 2, naamlik 'die slegs enkele honderd gram swaar suigelinge' bevat egter twee woorde méér wat die lidwoord en hoofnaamwoord van mekaar skei. Die meeste Afrikaansmoedertaliges sou bepaald in plaas van so 'n lomp konstruksie 'n bysin verkies, soos ook blyk uit die resultate van die ondersoek in paragraaf 4.2 uiteengesit.

3.2 Vergelykende voorbeelde

Uit 'n vergelyking van 'n paar parallelle tekste blyk dat uitgebreide attributiewe konstruksies in Duits gewoonlik as selfstandige sinne (hetsy hoof- of bysinne) in die ooreenstemmende Afrikaanse teks verskyn, of as nominale nabepalings wat

op hulle beurt weer as verkorte bysinne beskou kan word (Scholtz, 1983:43). Hierdie voorkeur vir onderskikkende sintaksis in Afrikaans in teenstelling tot die Duitse neweskikkende daarstelling, word hierna aan die hand van slegs enkele voorbeelde geïllustreer. 'n Populêr teologiese werk van Thielicke (1970), vertaal deur A. Bouwer (1974) en die Duitse en Afrikaanse vertalings van Berry en Cubitt (1989) se informatiewe boek oor die Etoshawildtuin word vir hierdie doel betrek. In laasgenoemde geval het 'n ondersoek van die Duitse teks minstens 30 attributiewe (dit wil sê prenominale) konstruksies met voorsetsels opgelewer.[2] Die ooreenstemmende Afrikaanse teks toon geen sodanige konstruksies nie. In 14 van die genoemde gevalle kom daar in die Afrikaanse teks nabepalings voor, in 6 gevalle hoofsinne, in 4 gevalle bysinne en in 3 gevalle slegs attributiewe adjektiewe. In die orige 3 gevalle verskil die bepaalde Duitse en Afrikaanse sinskonstruksies sodanig van mekaar dat hulle nie vergelykbaar is nie.

Voorbeelde:

8. • ... (seltener ... als) seine anderen, *bei Tage jagenden* Vettern.
   • ... (minder ... as) die groter katte *wat gewoonlik bedags jag.*
   (Berry & Cubitt a & b, 1989:9)

   ('n Attributiewe konstruksie met 'n voorsetsel in die Duitse teks, 'n bysin in die Afrikaanse teks.)

9. • Das *im neuen Federkleid geschmückte* Weibchen ...
   • Die wyfie, *pragtig uitgedos in haar blink nuwe veredrag,* ...
   (Berry & Cubitt a & b, 1989:20)

   ('n Attributiewe konstruksie met 'n voorsetsel in die Duitse teks, 'n postnominale toevoeging in die Afrikaanse teks)

10. • ... in dem *1250 erschienenen* Evangeliar ... (Thielicke, 1970:105)
    • ... in die Evangelieboek ... *wat in 1250 verskyn het.*
    (Thielicke, 1974: 67)

    (Die verlede deelwoord *verskyn* wat dieselfde vorm as die infinitief het, kan nie attributief gebruik word nie. 'n Bysin in die Afrikaanse vertaling is dus noodsaaklik.)

Soms kom prenominale omskrywings wel in die Afrikaanse vertaling voor:

11. • ... die *unendliche, ihn suchende und ihm nachgehende* Liebe ...
    (Thielicke, 1970:118)
    • ... die *oneindige, soekende en agtervolgende* liefde ...
    (Thielicke, 1974: 78)

---

2 Hierdie konstruksies word in die bylaag verstrek.

(Die attributiewe konstruksie voornaamwoord + teenwoordige deelwoord is vreemd aan Afrikaans.

'n Juiste vertaling is hier slegs met behulp van 'n byvoeglike bysin moontlik. Deurdat dié in die vertaling verlny word en die voornaamwoorde verval, word die betekenis gewysig.)

Daarenteen:

12. • ... hinter der *ungesegneten, hermetisch verschlossenen* Tür ...
(Thielicke, 1970:110)

• ... agter die *ongeseënde, hermeties verseëlde* deur ...
(Thielicke, 1974:71)

('n Opeenvolging van deelwoord, bywoord + verlede deelwoord is ook in Afrikaans as attributiewe konstruksie moontlik.)

Gewoonlik word bysinne of nabepalings in die betrokke Afrikaanse tekste verkies, ook in gevalle waar attributiewe konstruksies m.i. moontlik sou wees:

13. • ... ein gewaltiges, *99 526 Quadratkilometer großes* Reservat ...

• ... 'n groot reservaat *van 99 526 vierkante kilometer* ...
(Berry & Cubitt a & b, 1989:1)

14. • ... die *noch übleren* Praktiken der anderen ... (Thielicke, 1970:36)

• ... hul wanpraktyke *wat veel erger ... is* ... (Thielicke, 1974:13)

Engel (1988:592-594) noem 'n lang lys voorbeelde van toevoegings tot die byvoeglike naamwoord wat attributief kan funksioneer, soos onder andere die volgende:

* **Datieftoevoegings soos:**
15. eine *seiner Frau* nahestehende Kollegin (Engel, 1988:592)

* **Nominale toevoegings soos:**
16. seine *als Sekretärin* tätige Tochter (Engel, 1988:594)

* **Situatiewe toevoegings soos:**
17. mein *in Heilbronn* wohnhafter Freund (Engel, 1988:593)

Konstruksies van hierdie aard speel 'n toenemende belangrike rol in Duits (Engel, 1988:592). Die meeste sodanige konstruksies is glad nie in Afrikaans moontlik nie. Afrikaanssprekendes ondervind gevolglik met hierdie aspek van die Duitse sinsbou groot probleme. Daar is dikwels onbegrip vir die grammatiese samehang van die verskillende elemente, wat daartoe lei dat lesers 'die draad verloor' en nie self sulke Duitse konstruksies suksesvol kan saamstel nie.

4. Begripsprobleme

4.1 Eise wat aan die leser gestel word

Taalkundiges gee toe dat komplekse attributiewe konstruksies wel taalekonomies is, maar dat dit vir die vlugtige leser en veral vir die hoorder moeilik is om die kompakte inhoud ten volle in te neem (Eggers, 1983:137). Hierdie verskynsel geld selfs vir Duits-moedertaalsprekers; gevolglik word 'n gekompliseerde neweskikkende styl byvoorbeeld as ongeskik vir ontspanningslektuur beskou (Braun, 1979:42) en sal dit in 'n groter mate ook vir nie-Duitssprekendes begripsprobleme inhou. Dit is egter opvallend hoeveel attributiewe konstruksies wel in ontspanningslektuur voorkom, ook in vertaalde werke waarvan die oorspronklike teks geen sodanige konstruksie bevat wat die lidwoord en selfstandige naamwoord van mekaar skei nie.

Ek volstaan met 'n paar voorbeelde uit 'n enkele ontspanningsroman – hier in vergelyking met die oorspronklike Engels met sy eiesoortige sinstruktuur:

18. • ... die *großen, ungleichmäßig vom Osten sich heranwälzenden* Wogen ...
(MacLean, 1977:20)
    • the *big uneven* seas *bearing down from the east* ...
(MacLean, 1971:19)

19. • ... haben wir uns ... für die Bäreninsel als den *für dieses Projekt geeigneten* Ort entschieden. (MacLean, 1977:105)
    • ... decided on Bear Island as the location *for this project.*
(MacLean, 1971:98)

20. • ... ein *heimtückisch in das Gewebe ihres Lebens hineingewobener* Faden ...
(MacLean, 1977:191)
    • ... an *insidiously woven* warp *in the weft of her being* ...
(MacLean, 1971:182)

'n Mens moet hieruit aflei dat sulke attributiewe konstruksies deel vorm van die 'normale' Duitse skryfstyl. Soortgelyke konstruksies in leerboeke en tydskrifte spesifiek vir nie-Duitssprekende leerlinge en studente versterk dié gevolgtrekking – ofskoon dit daar minder dikwels voorkom. Weer eens slegs enkele voorbeelde:

21. ... die *vom Süden ausgehende sogenannte hochdeutsche* Lautverschiebung ...
(Gössmann, 1966: 29)

22. ... die *wenigen, durch Zufall überlieferten* Zeugnisse vorchristlicher Geisteshaltung ... (Gösmann, 1966: 29)

23. Die *auf diesen Seiten gezeigten* Gruppen und Texte ...
(*Jugendscala,* 1982:17)

24. Das *aus Studierenden von Musikhochschulen der Bundesrepublik zusammengesetzte, in Frankfurt ansässige* Orchester ... (*Jugendscala*, 1987:11)

Telkemale kom die nie-Duitssprekende dus af op konstruksies van hierdie aard selfs in betreklik 'eenvoudige' Duitse leesstof.

4.2 Empiriese ondersoek

Om te bepaal in welke mate Afrikaanssprekendes wat reeds 'n goeie basiese kennis van Duits verwerf het, die inhoud van sulke konstruksies werklik begryp, is 'n beperkte ondersoek uitgevoer. Daarvoor is die reeds aangehaalde sinne 1 tot 5 uit *Scala* 1988 gebruik. Hierdie sinne moes deur 70 Afrikaanssprekende Duits I- en Duits II-studente van die Randse Afrikaanse Universiteit (d.w.s. studente met minstens matriek-Duits of gelykstaande kwalifikasies) in Afrikaans vertaal word, nadat die betrokke beriggies waarin die sinne voorkom, eers voorgelees en toeligting in verband met die woordeskat verskaf is. As gevolg van foute en afwykings van uiteenlopende aard was dit moeilik om die pogings te beoordeel. So ver as wat dit die interpretasie van die attributiewe gedeeltes betref, kan die resultate egter in die volgende tabel saamgevat word:

sin	foutief vertolk		onvolledig	totaal a	korrek vertolk		totaal b	TOTAAL a + b
	sonder bysin	met bysin			sonder bysin	met bysin		
1	38	5	8	51	6	13	19	70
2	22	13	7	42	12	16	28	70
3	37	3	11	51	5	14	19	70
4	33	6	7	46	13	11	24	70
5	26	3	4	33	13	24	37	70
	156	30	37	223	49	78	127	350

Uit hierdie resultate blyk onder andere:

- Die meeste studente wat bewys gelewer het dat hulle die Duitse konstruksies verstaan, het laasgenoemdes met behulp van bysinne vertaal. Dit geld ook vir sin 2 wat wel 'n prenominale konstruksie in Afrikaans sou toelaat (vergelyk 3.1).

– Onvolledigheid en foutiewe vertolking van die attributiewe gedeeltes het gewissel van 47% (by sin 5) tot 73% (by sin 1 en 3). In totaal is daar in 63,7% van die gevalle probleme ondervind.

Dit is dus duidelik dat Afrikaanssprekendes wat Duits reeds beheers, dit moeilik vind om die betekenisaspek van neweskikkende attributiewe konstruksies volledig te deurgrond.

5. Probleme met die samestelling van eie konstruksies

5.1 Empiriese ondersoek

Waar Afrikaanssprekende studente dit reeds moeilik vind om die inhoud van uitgebreide attributiewe konstruksies te verstaan, kan verwag word dat hulle dit nog moeiliker en vreemder sal vind om self sulke konstruksies saam te stel. Dat dit inderdaad die geval is, blyk onder andere uit 'n toets wat in aansluiting by Iricanin (1987:11) se voorstelle vir die praktiese onderrig uitgevoer is. Die volgende konstruksies uit 'n bundel kortverhale in betreklik eenvoudige Duits is vir dié doel gebruik:

25. ... unter dem *in den Haltetauen schwebenden* Rohr ... (Von Delft, 1981:25)
26. ... vor einer *für ihn hochwichtigen* Konferenz ... (Von Delft, 1981:79)
27. ... wir sahen das *von einem Fluß zerschnittene* Tal ... (Von Delft, 1981:44)
28. Im Flackerschein der *auf dem Boden angeklebten* Kerzen ...(Von Delft, 1981:67)
29. ... deutlich erkennbar aus der Vielfalt der *verworren aus der Ferne hereindringenden* Geräusche der Stadt ... (Von Delft, 1981:70)

Hierdie konstruksies is só verander dat volledige hoofsinne wat tussen hakies bygevoeg is, die attributiewe gedeeltes vervang het:

30. a. ... um unter dem Rohr die Sohle einzuebnen.
    (Das Rohr schwebte in den Haltetauen.)
    b. ... da der Gefangene unmittelbar vor einer Konferenz steht.
    (Die Konferenz ist für ihn hochwichtig.)
    c. Wir sahen das Tal und das Dorf neben dem Fluß.
    (Das Tal war von einem Fluß zerschnitten.)
    d. Im Flackerschein der Kerzen lastete das Gewölbe über ihnen.
    (Die Kerzen waren auf dem Boden angeklebt.)
    e. Das Hupen war deutlich erkennbar aus der Vielfalt der Geräusche der Stadt.
    (Die Geräusche drangen verworren aus der Ferne herein.)

Nadat die woordeskat verduidelik is, moes 70 Afrikaanssprekende Duits I- en Duits II-studente die konstruksies met mekaar verbind, hetsy deur middel van bysinne of deur attribuering. By a, b en e het minstens 80% van die studente van bysinne gebruik gemaak, by c minstens 75% en by d minstens 65%. In totaal was daar 274 bysinne en slegs 76 attributiewe konstruksies.

In die attributiewe konstruksies het onder andere die volgende morfologiese en strukturele foute opgeduik:

- ... vor einer für ihn hochwichtiger Konferenz;
- ... das von einem Fluß zerschnittenden Tal;
- ... der verworren aus der Ferne herein drangenden Geräusche;
- ... der aus der Ferne herein verworrene gedrängte Geräusche.

5.2 Moedertaalinvloed in Duitse stelwerk

Uit 'n ondersoek van ongeveer 100 opstelle van Afrikaanssprekende Duitsstudente en ongeveer 100 opstelle van sestien- en sewentienjarige Duits-moedertaalleerlinge uit verskillende dele van Duitsland blyk die volgende:

* Omdat Afrikaanssprekendes attributiewe konstruksies soos dié in die aangehaalde voorbeelde vreemd vind en dit moeilik vind om sulke konstruksies self saam te stel, vermy hulle dit in hul eie skriftelike werk. In die sinskonstruksies van die meeste eerste- en tweedejaarstudente is die gebruik van onderskikkende sinskonstruksies nie juis opvallend nie vanweë die betreklik eenvoudige aard daarvan:

  31. Ich bewundere immer wieder die Luft, die heller and klarer wird ...

  32. Im Herbst kommt Ruhe, nicht nur in die Natur, sondern auch in ein Menschenherz, das schon im Herbst des Lebens ist.

* Waar sodanige sinskonstruksies egter herhaaldelik in 'n opstel voorkom, is die Afrikaanse invloed onmiskenbaar:

  33. Es gibt keine Vögel, die singen in den Bäumen, oder kühles, blaues Wasser, das klar wie Kristall zwischen schönen Steinen fließt. ... Waffen, die nicht nur Pflanzen und Tiere vernichten, sondern auch den Menschen schaden. ... Automaten, die mit Masken herum gehen ...

* Die konsekwente gebruik van bysinne in plaas van attributiewe konstruksies is veral steurend wanneer 'n opeenhoping van bysinne in die onderskikkende sinstruktuur ontstaan:

34. ... sieht man, daß die meisten Afrikastaaten, die in den vergangenen 30 Jahren unabhängig geworden sind, heute ...

* Sulke konstruksies kom ook in die werk van nagraadse studente voor:

35. ... als man ihm erklärt, er brauche den Paßschein, den der Junker verlangt hat, nicht.

* Ook in die volgende voorbeeld uit 'n honneurswerkstuk is voorkeur verleen aan 'n bysin ten spyte daarvan dat laasgenoemde deur 'n paar elemente geskei word van die naamwoord waarop dit betrekking het:

36 Er berichtet von dem Aufstand der Griechen gegen die Türken, der etwa 50 Jahre früher stattgefunden hat.

* In teenstelling hiermee gebruik Duits-moedertaalleerlinge in Duitsland uitgebreide attributiewe konstruksies met gemak. Enkele voorbeelde uit die opstelle wat vir dié doel ondersoek is, dien ter illustrasie:

37. Die in Normalschrift gedruckten Abschnitte ...

38. ... ein bei der UNESCO beschäftigter Techniker ...

39. ... gewinnt man den Eindruck des von der Entfernung auf die Stadt Schauenden.

Daar is in hierdie opsig dus 'n opvallende verskil tussen die sinsbou van Afrikaanse studente en dié van Duitse leerlinge.

6. Die noodsaaklikheid vir die integrasie van attributiewe konstruksies in die Duits-leerplan en voorstelle vir die praktiese onderrig

Uitgebreide attributiewe konstruksies het so 'n integrale deel van die moderne Duitse skryfstyl geword dat dit in die Duits-onderrig – sowel op skool as aan die universiteit – nie geïgnoreer kan word nie. Tydskrifte soos *Jugendscala* wat gratis aan hoërskoolleerlinge beskikbaar gestel word sodat hulle verder vertroud kan raak met die Duitse taal en leefwyse, bevat meermale sulke konstruksies, so ook die voorgeskrewe Duitse literatuur vir die senior sekondêre klasse (vgl. die aangehaalde voorbeelde 25-29 uit 'n bundel verhale wat reeds as voorgeskrewe werk vir matriek gedien het). In informatiewe leesstof, soos tydskrifte en koerante, asook in vakliteratuur is uitgebreide attributiewe konstruksies 'n vry algemene verskynsel (vgl. die aangehaalde voorbeelde 1-5 uit 'n enkele rubriek in *Scala*).

Dit is bepaald wenslik dat mense met matriek-Duits minstens eenvoudige Duitse literatuur en gewone Duitse tydskrifte met betreklike gemak kan lees, as hulle enigsins die bevrediging wil hê dat hul Duits-studie sinvol was. Myns insiens moet daar dus reeds in die senior sekondêre fase aandag geskenk word aan dié besondere Duitse skryfstyl: aanvanklik deur terloops daarvan kennis te neem waar dit byvoorbeeld in die voorgeskrewe literatuur voorkom, later meer spesifiek deur sulke konstruksies in geskikte tekste wat vir dié doel byeengebring word (byvoorbeeld uit *Jugendscala*), te identifiseer en die presiese inhoud daarvan te probeer begryp. Dat die meeste Afrikaanssprekendes nie sonder spesifieke leiding hiertoe in staat is nie, blyk duidelik uit die resultate van die empiriese ondersoek waarna in paragraaf 4 verwys is. Bepaalde stappe, soos dié wat Mebus *et al.* (1989:125) uiteensit, kan gevolg word om die inhoud van attributiewe konstruksies te analiseer. Die aangehaalde konstruksie in 29 dien hier ter illustrasie:

- ... der verworren aus der Ferne hereindringenden Geräusche

Eerste stap: Bepaal die funksie van die naamwoordstuk in die sin: (= Genitief)

Tweede stap: Bepaal die kern, dit wil sê die lidwoord/voornaamwoord en die hoofnaamwoord: (= der Geräusche)

Derde stap: Antwoord die volgende vrae in Duits:

Was tun die Geräusche?	(= dringen herein)
Woher?	(= aus der Ferne)
Wie?	(= verworren)

Leerlinge behoort vir vertaaldoeleindes ook kennis te neem van die feit dat sulke konstruksies in Afrikaans verkieslik met bysinne vervang moet word om die presiese betekenis weer te gee.

Met doelgerigte oefeninge van bogenoemde aard behoort senior leerlinge 'n goeie leesbegrip van uitgebreide attributiewe konstruksies te kan opbou – 'n belangrike eerste stap in die bemeestering van hierdie styl.

Daar doeltreffende kommunikatiewe taalonderrig nie net op mondelinge kommunikasie gemik is nie, maar ook op leesbegrip en – vir meer gevorderdes – op korrekte en aanvaarbare skryfstyl, is verdere aandag aan uitgebreide attributiewe konstruksies op universiteit noodsaaklik. In die eerstejaarskursusse sal die klem bepaald nog op die identifisering en die inhoudelike begrip van sodanige konstruksies val, maar moet dan in verdere graadkursusse verskuif na die vermoë om self sulke konstruksies saam te stel. Daar kan begin word met eenvoudige oefeninge waar al die elemente verskaf word en slegs gerangskik moet word

(Mebus *et al.*, 1989:125). Die aangehaalde konstruksie in 29 dien weer eens ter illustrasie:

- der / Geräusche / hereindringenden / verworren / aus der Ferne

Hierdie rangskikoefening kan opgevolg word met oefeninge soos byvoorbeeld dié wat Iricanin (1987:11) aanbeveel, naamlik oefeninge op die patroon van 30 a – e en ander waarin bysinne verander word in attributiewe konstruksies en omgekeerd. Hierbenewens moet aan die hand van tekste vasgestel word wanneer attributiewe konstruksies in plaas van byvoeglike bysinne moontlik is en wanneer hulle verkieslik is.

7. Slotsom

Uitgebreide attributiewe konstruksies wat so dikwels in moderne Duits voorkom, hou vir Afrikaanssprekendes definitiewe begripsprobleme in. Die gevolg is dat 'n groot persentasie Afrikaanssprekendes met matriek-Duits oor 'n minder doeltreffende Duitse leeskennis beskik as wat 'n mens sou verwag. Die konsekwensies byvoorbeeld vir die studie in vakrigtings waar 'n leeskennis van Duits 'n voorvereiste is, spreek vanself.

Boonop oefen die interferensie van die moedertaal 'n remmende invloed op baie Afrikaanssprekendes se stelwerk uit deurdat byvoeglike bysinne konsekwent gebruik word waar Duitssprekendes voorkeur sou verleen aan attributiewe konstruksies. Dié hipotaktiese sinsbou is weliswaar nie foutief nie, maar verskil al te opvallend van die hedendaagse Duitse skryfstyl. Dat ook Engelssprekendes probleme met uitgebreide attributiewe konstruksies in Duits sal ondervind, word deur die aangehaalde voorbeelde 18-20 gesuggereer. Hierdie probleme kan egter oorbrug word met doelgerigte oefeninge waarmee daar reeds in die senior sekondêre fase begin word en wat in die Duits II- en III-kursusse afgerond word.

Ofskoon in hierdie artikel slegs op Afrikaanssprekendes se probleme en behoeftes gefokus is, het die werk van 'n minderheidsgroep Engels- en ook Duitssprekende studente aan die Randse Afrikaanse Universiteit eweneens bewys dat meer insig en vaardigheid in die gebruik van attributiewe konstruksies in die Duits-onderrig van alle Suid-Afrikaanse studente nagestreef behoort te word as ons enigsins wil tred hou met die ontwikkeling op die gebied van die Duitse sintaksis.

Bylaag

Die betrokke konstruksies waarna verwys is, is die volgende:

- ... die feuchteren, *im tropischen Afrika geltenden* Bedingungen, ... (p. 1)
- ... die *vom Kunene rührende* Flut ... (p. 2)

- ... der undurchläßlichen, *in der Pfanne selbst vorherrschenden* Lehmschicht ... (p. 3)
- (In) dem warmen, flachen, *in der Pfanne gestautem* Gewässer ... (p. 3)
- Ihre *durch die reichhaltige Nahrung gestärkten* Körper ... (p. 3)
- ... eine *von Zwergsträuchern der Savanne eingerahmte* Salzwüste. (p. 4)
- ... die *mit Dornsavanne durchsetzten* Grasflächen ... (p. 4)
- (In) den *mit Mischwäldern bestandenen* Strichen ... (p. 4)
- Die *seit Urzeiten hier lebenden* Heikum-Buschmänner ... (p. 5)
- ... (mit) *gen Himmel weisenden* Wurzeln ... (p. 5)
- ... eine *von Schilf umgebene* "stark sprudelnde Quelle". (p. 6)
- ... seine nachts *mit Flutlicht beleuchtete* Wasserstelle... (p. 7)
- ... das *vom Hornsignal begleitete* Hissen ... der Flagge... (p. 7)
- ... seine anderen, *bei Tage jagenden* Vettern. (p. 9)
- Die *beim Laufen ausgestreckten* Krallen ... (p. 9)
- ... (nach) *im Boden lebenden* Insekten ... (p. 10)
- ... einen schlafähnlichen, *mit der Verlangsamung des Stoffwechsels verbundenen* Ruhezustand, ... (p. 11)
- ... (durch) ... kräftig *auf Büsche gesprühten* Urin ... (p. 14)
- ... eine *im Wildpark vorkommende* Subspezies ... (p. 17)
- ... das *im Osten bekannte* Impala. (p. 17)
- ... die *mit langen Gräsern bestandenen*, schatten- und wasserreichen Gebiete (p. 17)
- Das *nach dem berühmten Naturforscher William Burchell (1782-1863) benannte* Burchell-Zebra ... (p. 18)
- ... einen *aus der Herde verstoßenen* Bullen, ... (p. 19)
- ... (mit) ... den hoch oben *am Schädel sitzenden,* leicht hervorstehenden Augen ... (p. 19)
- *Im Gleichtakt einschwenkende* Schwärme der Blutschnabelweber ... (p. 20)
- Das *im neuen Federkleid geschmückte* Weibchen ... (p. 20)
- Die *zu den Störchen zählenden* Marabus ... (p.20)
- (Unter) den verschiedenen, *im Wildpark lebenden* Geiern ... (p. 20)
- ... *im Park betriebene*, veröffentlichte Forschung ... (p. 22)
- ... *mit Halsbändern oder Peilsendern versehenen* Zebras, ... (p. 23)

Bibliografie

Badenhorst, P.J. 1984. *Die funksie en ordening van prenominale adjektiewe in Afrikaans.* Pretoria : Universiteit Pretoria. (Proefskrif.)

Berry, H. & Cubitt, G. 1989a. *Etoscha-Nationalpark.* Übersetzung ins Deutsche: Gudrun Grapow. Kaapstad : Struik.

Berry, H. & Cubitt, G. 1989b. *Etoshawildtuin.* Vertaal deur Rachelle Greeff. Kaapstad : Struik.

Braun, P. 1979. *Tendenzen in der deutschen Gegenwartssprache.* Stuttgart : Kohlhammer.

Brinkmann, H. 1971. *Die deutsche Sprache. Gestalt und Leistung.* Düsseldorf : Schwann.

Combrink, J.G.H. 1990. *Afrikaanse Morfologie: Capita Exemplaria.* Stellenbosch : Academica. (Afdeling E: Morfologie en sintaksis.)

De Wette, W.M.L. (vert.). 1839. *Die Heilige Schrift des Alten und Neuen Testaments.* Heidelberg : Mohr.

Eggers, H. 1983. Wandlungen im deutschen Satzbau. Vorzüge und Gefahren. *Muttersprache*, 93 (3):131-141.

Engel, U. 1988. Deutsche Grammatik. Heidelberg : Groos.

Gössmann, W. 1966. *Deutsche Kulturgeschichte im Grundriß.* München : Hueber.

Iricanin, Gordana. 1987. Häufige Schwierigkeiten im Fachsprachenunterricht Deutsch als Fremdsprache. *Zielsprache Deutsch*, 18 (2):9-14.

Jugendscala. 1982/1987/1988. Frankfurt am Main : Frankfurter Societäts-Druckerei.

Köhnke, K. 1974. Wie lang ist der moderne deutsche Satz? *Deutschunterricht in Südafrika*, 5 (2):33-37.

Lühr, Rosemarie. 1991. Veränderungen in der Syntax des heutigen Deutsch. *Zeitschrift für deutsche Philologie*, 110 (1):12-35.

MacLean, A. 1971. *Bear Island.* Glasgow : Collins.

MacLean, A. 1977. *Die Insel.* Deutsche Übersetzung von Werner von Grünau. München : Heyne.

Mebus, G. *et al.* 1989. Sprachbrücke 2. Deutsch als Fremdsprache. München : Klett.

Scala. Zeitschrift aus der Bundesrepublik Deutschland, 1988 (2):6-7, Mrt.-Apr.

Scholtz, E. 1983. *Aspekte van adjektiefvolgorde in Afrikaans.* Pretoria : Universiteit Pretoria. (MA-verhandeling.)

Thielicke, H. 1970. *Und wenn Gott wäre ... Reden über die Frage nach Gott.* Stuttgart : Quell.

Thielicke, H. 1974. *En sê nou God bestaan ...?* Uit die Duits vertaal deur Alba Bouwer. Kaapstad/Johannesburg : Tafelberg.

Tschirch, F. 1969. *1200 Jahre deutsche Sprache in synoptischen Bibeltexten.* Berlin : De Gruyter.

Von Delft, K. *red.* 1981. *Deutsche Erzählungen des 20. Jahrhunderts.* Pretoria : Academica.

Von Polenz, P. 1985. *Deutsche Satzsemantik. Grundbegriffe des Zwischen-den-Zeilen-Lesens.* Berlin : De Gruyter.

Randse Afrikaanse Universiteit